

DALA

opgeneem in die bundel:

DIE MEUL DREUN EN ANDER TONEELWERK

- 1943 -

geskryf deur

D.F. MALHERBE

Opvoerrechte:

Kontak AKDA (sien tuisblad of - e-pos: leanawel4@gmail.com)

D. F. MALHERBE

DIE MEUL DREUN
EN ANDER TONEELWERK



NATIONALE PERS BEPERK — KAAPSTAD
BLOEMFONTEIN EN PORT ELIZABETH

1945

DALA

(Op agtergrond ryke bos- en boomlandskap, agter begrens deur hoë bergkruine plek-plek met sneeu bedek. Bome blaarloos, grond met blare bedek. Uit agtergrond kom van links af na vore drie jonkvroue in wit gekleed en gaan in 'n ry staan regs op toneel. Dan verskyn, eweneens van links af, drie jongmanna met velbekleding en sandale, elk met spies en skild, en vorm 'n ry reg teenoor die jonkvroue. Helder maanlig.)

JONKVROUE EN SPIESDRAERS (spreekhoor of sang):

Wit straal u hoë winterkroon!
Ombloesem ons met lenteskoon,
leer ons in skemering van die maan
u ryk geheimenis verstaan,
dat ons met warm-duwende bloed
U bring die stam se lentegroet —
Volheid is U!

JONKVROUE:

Uit dieptes van die berge stroom
wat U voorsien vir bos en boom;
reeds klim uit kragtige akkerskoot
verhonderdvoudigend ons brood,
reeds swel aan naakte tak die knop,
die nuwe vrugde swel en klop —
Vrugbaarheid is U!

ALMAL: Heil, Stamgod, heil!

SPIESDRAERS:

U koms is swaar met windgeluid,
breed drywe U die wolke uit;

Persone:

PRIESTER

DALA

ALFONS, haar man

JONKVROUE

SPIESDRAERS

dan sal u swaard die reënwoik slaan,
 van berg tot berg die donder gaan,
 van poort tot poort die woudfand ruis,
 langs steiltes van die afgrond bruis
 die waters — u swaard is skerpte van vuur!
 Sterkte is U!

ALMAL:

Heil, Stamgod, heil!
 vrugbaarheid, sterkte,
 wyslik verbonde,
 dubbel u naam!
 Ons wat die dronk verwug,
 wonder van skemernag,
 prys U tesaam.

*(PRIESTER met lang grys baard, in wit rok,
 verskyn. Hy hou 'n erdebakke water in
 regterhand. Gefubel agter.)*

ALMAL: Gegroet, Pricster, bewaarder van geheime!

PRIESTER: Gegroet, jong stamgetoel!

ALMAL:

Almal wag
 soos op die dagster wag die arbeidsman.

PRIESTER:

Die uur wat eenmaal kom in elke jaar
 wanneer die nag, 'n suiwere vloed van lig,
 ons gans onspoel en dronk van dieptebron
 die liggaam met reinigende vreugde vul
 soos sap die boomlyf na die winterdors
 en alle krankheid ban genadiglik.

ALMAL: Die dronk, Pricster-Vader!

PRIESTER: Eers vir jou. *(Gee die erdebakke aan die
 jonkrou wat naaste aan hom staan. Sy drink en
 gee dit verder aan. Dit gaan die twee rye deur
 terwyl die PRIESTER spreek.)*

Geen wyse peil sy werking. Hy weer die kwaad,
 die krankheid wat buite ons grense almal tref,
 totdat die twaalfde volmaan weecrom brei
 sy viengde oor ons uit. Die Stamgod self
 het in die vroegste voor tyd die bron gewys,
 die stam se oer-oer vader in 'n droom
 die heldere wete ingegee. Geheim
 is nou onsterflik, en wanneer die dood
 sy mistige kome oor my oë skuif,
 dan sal my oudste seun my fluisterwoorde
 vat en wat een sterfling net mag weet:
 die pad na dieptebron, sal hy bewaar
 en dra die wonder van ons voortbestaan.

ALMAL:

Vrugbaarheid, Sterkte,
 dubbel u naam,
 ons is U gans verpand:
 krankheid genaak ons nie,
 vyandspyl raak ons nie,
 tron is ons offerand.

PRIESTER:

Mure van vreugde om ons is 'n burg,
 en eendrag bly 'n veilige skild altyd.
 Van oergeslagte af drink voort en voort

die lied van fiere jeug en ouderdom,
saam met die strome wat ons erfland kruis
tot hul, die wilde engtes deurgedring,
verward bruis en sinverlore weg
oor vreemde lande spoel.

ALMAL:

En niks meer sing
van wat hier in ons erfland wondere werk.

(*Agter gordyn stemme*):

Krankheid genaak ons nie,
vyandspyl raak ons nie,
trou is ons offerand.

PRIESTER:

En verre is die rooi vlam van die haat
wat bloeisels van vrede verskroei soos loopymur
maak
in somernagte teen die krause uit:
hy dryf die soet verwagting van die hart
in ligtelaaie dampe oor die wêreld,
waai enkel skrik en maak die menshart star
en hardgekors soos grond na wrede brand.
En ver van ons is Hoerssug wat sy knegte
die swymelbeker gee van diensbaarheid,
die dronkgemaaktes wat hul pyle rig
teen eie vlees en dit us weldaad roem.
Ons ken hom nie, die self- en grootheidsoeker,
wat, al te klein, sy sluwe weë baan
en eidelik in eie wilsand sink . . .

ons ken die doodgetroue wat nooit beswyk —
in so 'n diens is almal ewe ryk.

(*Jonkroue en spiesdraers voer 'n dansspel
uit; dan spreekkoor of sang*):

Niemand is mindere,
niemand is meerdere,
almal gelyk;
een in die hoogste diens,
trou aan die hoogste wet,
almal is ryk.

(*Terwyl die dronk vir die tweede maal
genuttig word, verskyn van regs af 'n vrou
in vreemde drag met kind in tjalie gewikkel.
Sy wil tussen die twee rye deur na die
PRIESTER, maar word gekeer deur 'n spies-
draer.*)

ALMAL: Dala!

PRIESTER:

Jy is die eerste wat by vreemdes soek
na beter dinge — mug jy die laaste wees.
Wat wil jy, Dala? Spreek.

DALA (*tree effe nader*):

Priester-Vader,

my kind is siek . . . siek tot die dood. Ek het
die poort gevind, die weg terug langs wande
van yslike ravyns in my nood.

Ek buig voor u in skaamte, Priester-Vader,
ek het net een begeerte, vergun my dit:
my bede is die dronk — my kind sal lewe.

PRIESTER:

Dala, skone dogter wat die jonkvroue
gelei het in die stamvertroude dans,
hoe het jou heerlijkheid verkrump by vreemdes,
hoe arm het jy geword? Arme Dala!

*(JONKVROU en SPIESDRAERS vorm 'n half-
maan rondom die PRIESTER en DALA.
SPIESDRAERS maak beweginge met spiese.
Dristige spreekkoor):*

Jy het verbreek,
die wet verbreek,
skande, Dala!

Wie het jou heil belool?
Wie het jou hart geroof?
Skande, Dala!

PRIESTER:

Hy sterf van armoed, hy aan wie die Stangod
een druppel uit sy kruik van vreugde onthou.

DALA: En daarom smeek ek nou.

PRIESTER:

Dit was jou reg,
nou smeek jy om 'n guos — so arm is jy.
Wie wuag om buite die veilige grens te tree.

waarinne 'n oer-ou Mug sy onbegrepe
en ewige daad vernuwe — Hy bind met bloed
en sieletrou tesaam tot een geheel
wat duisendvoudig leef as enkelhede —
wie sinloos buite die grenswal waag sy skrede,
hy keer nooit ongeskonde weer terug.
Die vreemde man, jou man nou wat verdwaal het,
van honger moedeloos, en wat ons gasvry
brood geëet het en ons heuning vars
en geurend van soetigheid, hy het geskend
die eerste en laaste wet wat mens met mens
verbind — in ruil vir eerbaarheid en trou
die swart leegte van gemeenheid ons gelaat.
Sy stem was soet, te donker nie die nag
vir jou om met die valsuaard weg te dros.

DALA:

O, Priester-Vader, ek kan nie meer verstaan nie:
deur my gedagtes waai die stormgelaide
van my verdriet en nood . . . My kind, my kind!
Wat baat dit nog om my verskrikte hart
te brand met vlamme van verwyt . . . ? My
kind! *(Snikkend.)*

SPIESDRAER:

Jou hart? Jou hart het jy aan my verpand!
Was jy waansinnig? Ek het gesmeek, ek wou
jou red uit stu gespanne strikke. My woorde
was vir jou soos stoppels wat die maaiers pluk
trap —
genadeloos jou trappe op my hart . . .
Was jy waansinnig? Sê my, was jy, Dala?

DALA:

Waansinnig, ja, wanneer dit waansin is,
die blinde mag wat met een enkele ruk
die ou beproefde grendels van jou wil
verbreek en dan heveel sodat jy, stom
en volgsaam sous 'n kind, glad niks meer is.

(Gaan sit voor PRIESTER, diep bewoë.)

JONKVROU EN SPIESDRAERS (statige spreekhoor):

Berou wat nie laat is,
berou wat 'n baat is,
maak vry.

Die vreemde moet sterwe in jou,
vervlugtig in traan van berou,
voor heerlike self weer gedy.

DALA:

Priester-Vader, ek het niks meer te gee,
ek is tranaleeg — my kommernisse groot.

(Staan op.)

My kind sal sterwe Net 'n dronk — die
wonder

wat in u hande bewe, genesing dra —
die dronk staan tussen lewe en dood, my heer!
My kind het tog 'n halwe reg, dis meer
as guns: hy het my bloed, dis stambloed, heer,
en bloed is sterkste Hy kruip die skandeweg
terug, verby waar bitter tonge spot,
hy kruip deur verlatenheid van skaamte en vrees
en selfverwyt terug na eie vlees

JONKVROU EN SPIESDRAERS:

Vrugbaarheid, Sterkte,
dubbel u naam,
ons is u gans verpand:
Krankheid genaak ons nie,
vyandspyl raak ons nie,
trou is ons offerand.

DALA (staar in die verte):

O helderheid van halfvergete woorde,
vertroues van die feestelike tur,
dra lig nou in die swart onrustigheid
van my verwilderde hart! Vertroude woorde,
baan deur die diepe duister van my skuld
'n pad van perlemoere glans — o hoop!
Ek is maar vlees en bloed wat skuiling soek,
het niks meer om te gee as naakte skuld.
Priester-Vader, laat my boet, die straf
is soet, as net my kind ag, laat my kind,
reeds sterwend, net 'n druppel wonderkrug
mit u geseëde hand ontvang.

PRIESTER:

Dala,

maak waar jou woord, want liever gooi ek elke
druppel weg — die Stamgod is getuie —
tensy, trots smeking en selfbeklag
wat ryklik vloei, jy afskeur elke vesel
van verlangte wat jou aan smaardverlede bind;
tensy die nederigste daad by ons

jou meer sal wees as alle kosbaarheid
wat oorkunt die grense blink — jou man, jou
liefde!

DALA:

My man, my liefde! Wreed is u woord en
moordend,
vermorsel die teerste bloesem van die siel,
die vrou se lewensreg, haar heiligdom
en smart. Moet in my sterf die vrou? Geheel?
Die aanloop van die vreugde, drif-ryke ure,
die ingeskape heilalikeid wat sterk
is deur bekoring, sterker as die spies,
dat net die moeder lewe, die ranke van
haar deernis die kind omslinger?

PRIESTER: Alles of niks!

DALA: Alles of niks! Nooit was genade duurder.

PRIESTER: Net dié wat suiwerse boete doen, net dié
mag op genade hoop.

JONKVROU EN SPIESDRAERS:

Heilige trou
groei uit berou
stil soos 'n plant.
Eensnag verbind,
liefde hervind
sterkende band.

DALA (*bewoë na innerlike worsteling*):

Verbreek in my wat uit 'n smaadverlede
nog skadelik mag wees, die bouwerk van

my waan, 'n yslikheid, maak dit tot niet.
Laat hamers van berou die pylers vel
en plet die neergetuimelde gewelwe
tot niks meer is as gruis, en laat die winde
die stof na ongewete vertes dra.
Dan is ek leeg, innerlik gans, 'n niks.
Alles of niks . . . ! Dan niks, my kind is alles,
en alles wat ek was, tot niks gemaak.

JONKVROU EN SPIESDRAERS (*statig*):

Eensaam is die weg van boete,
en eensaam sterwe skuldvolle waan
voordat die smaadbevryde voete
op hoogtes van genade staan.
O moederskap, o hoog gewyde,
saligende derenis,
wat in geluk en angste beide
geseënd howe mate is,
jy waad deur vloed van kommersnisse,
jy breek die mure van tydelikeid
en lê om naakte erkentnisse
die kleed van warme saligheid.

DALA:

Naakte erkentnis! Waar was my oë
dat ek so laat moes sien, so laat, so laat!

PRIESTER:

Welaan dan, neem die dronk — eers vir jou kind
en dan vir jou — genesende wonder, drink.
Nou sal die vreugde van ons heilgeheim

die skreiende leegte van jou hart vervul,
 en jy sal bloei, 'n wit blom langs die stroom,
 verrein in woudlandlug; jou geur sal sprei
 soet deur die weides van ons vroom bestaan.

*(Een van die JONKVROU het die kind geneem.
 DALA het die erdebakkie geneem en gee self
 die water vir die kind. Dan neem sy self 'n
 dronk, maar hou die kind dop. Meteens
 gaan die kind se oë oop.)*

DALA:

Dank, dank! o lewe en lig! sy oë straal
 van nuwe krag wat in sy liggaam werk.
 Sy oë straal, o wonder, Stamgod, dank!
 By vreemdes was geen raad, maar by my eie
 is hoogste goed my kind en my beskorc....

*(Sy soen die kind. Feesgerug agter: Die
 dronk! Die dronk!)*

PRIESTER:

Die feesgenote roep, roep om die heil
 wat alle broosheid vorm tot edele krag.
 Kom saam met my....

*(Hy stap na agter, links. Hulle volg. Die
 JONKVROU met kind eerste. Die laaste SPIES-
 DRALR, vroeëre minnaar van DALA, kyk nog
 om na DALA, wat in verwoering bly staan.)*

DALA (*alleen*):

Die kammernisse trek in snelle vlog
 wegduisterend op 'n verre einderveld,
 en deur my sinne gaan 'n sigbaarheid
 soos van 'n lentemiddag op die lande.

(Bly onbeweeglik staan.)

ALFONS (*met gordel en swaard aan heup verskyn
 regs*): Dala! (*Beweging van skrik as sy haar
 naam hoor.*)

DALA: Jy hier! Te veel gewaag!

ALFONS:

Om jou!

DALA: Geen tweede maal laat hul jou lewend gaan.
 Vertrek, Alfons, voor hulle jou hier vind.

ALFONS: Ons kind en jy.... Waar is ons kind?

DALA:

Gered.

ALFONS: Kom, bring die kind, ons eie, en laat ons
 gaan.

DALA: Die kind is ingelyf by ouc stam
 en met hom saam, Alfons, ook die moeder.

ALFONS:

Begryp jou nie. Ek het die swarc weg
 met jou gekom, langs duiselsteiltes waar
 die vrees se yskoue vingers ons omklem,
 en jou geskraag wanneer vermoedens
 die druk van moeder-angs ondraaglik maak.
 Om jou ontwil en om die kind het ek....
 Die kind gered?

DALA:

Die wonderwater, net
 een dronk, een druppel van genade, en toe . . .
 'n lewendheid het nit sy oë gestraal.
 Ja, wat die slimste weter van jou land
 nie kan nie, dit werk die water.

ALFONS:

En jou geloof.
 Die ou aankleefsels sit nog vas in jou,
 die nuttelose onderwetsigheid,
 geleer van kindsbeen af, te vas in jou!
 Nog tyd, my allerlicfste Dala, tyd
 is nodig voor jy leer verstaan die deug
 van hoër lewe wat my volk jou bied:
 die kennis en gerief, die vrou se vryheid,
 die reg om self haar eie wet te wees
 Kom weg uit hierdie nes van ou begrippe.

(Maak of sy nie hoor nie.)

Bring saam ons kind, my liefde is die waarborg.

DALA:

Ons kind, maar nie meer joue nie, ons kind
 is weggegee, die prys vir sy genesing.

(Stemme agter: Dala! Dala!)

Gaan heen, hulle sal jou doodmaak — ag, ek
 skuil weg voordat hulle jou oorval.
[smeeek jou,

ALFONS:

Dan jy!
 Al moet ons sonder kind die pad terug
 (Hy gryp haar aan arm, sy worstel.)

DALA:

Ook ek is nie meer joue nie!

ALFONS (laat haar los):

Hoe klink
 jou stem so ver en koud soos oorkant 'n afgrond!
 O, Dala, waar is jou warm hart? Ek gryp
 soos een geblinddoek na jou vertroulikheid
 en voel net leegte — waar is jy? Was jy
 dan vals, jou dure eed aan my 'n spel?
 Was dan jou liefde vir my soos newelffarde
 wat felle wind tot heldere leegte slaan?

DALA:

Geen spel, Alfons, maar ol 'n bittere stryd:
 brand van gewete tussen dood en lewe!
 Ek moes my liefde afswaar om die kind
 en buig voor hoogste wet van eie stam.
 Die moeder is nog altyd meer as vrou,
 en alles wat oë wegdoer in my tuin,
 sal op die akker bloei van moederdeernis.

ALFONS:

Om so jou heilige regte weg te smyt,
 jou edelheid aan dwaasheid oor te gee!

DALA:

Gaan heen, Alfons, en laat my nou in vrede,
dat ek vergeet die dwaasheid van my daad,
die dwaasheid van 'n onrus-swangere nag
toe ek gevolg het waar jy lei en, buite
die grense van my roeping uitgetree,
my oorgegee het aan 'n skone wuan....
Ai my! dat ek so swaar moes sondig teen
die inspraak van my siel en die stam....

ALFONS:

Wat stamel jy van siel en die stam?

DALA:

Die vloed van boete en berou, Alfons,
is deurgewaad, en ek is op die hoogte;
die oue weg gaan deur 'n blommewei,
en skatryk is my siel en gans herbore.

ALFONS (*gryp haar aan arm*):

Skone Dala, verwarde, ek moet jou red.

SPIESDRAER (*verskyn links, ontruk DALA en neem
haar na agterkant van toneel. Dan tree hy
nader aan ALFONS*):

Die tweede maal is jou geluk verby.
Vertrek voordat my spies genadeloos
jou murg deurdring en aan die galgboom hang
jou lyf vir kruaie tot genot.

(ALFONS *gryp na swaard.*)

DALA:

Genade!

Spaar tog die vreemdeling — dit was sy liefde
wat menslik-hewig deur ons skanse gebreek het;
dit was my dwaasheid ook, wat digte sluiers
van soete waan gespin het voor my oë.
Sy skuld is myne ook, genade nou!

(SPIESDRAER *effe terugtrekend.*)

ALFONS:

Vellendraer, jou mond is groot, jou oormoed
mag vugte dra! As dan wraakuemend kom
'n mag wut jul oorval en uitroei man
en vrou en kind, jul krotte tot as verbrand,
dat hierdie ryke wêreld geen heugnis dra
van julle vuilnishope? My volk sal bou
sy veilige paaië van berg tot berg en wonings
vir regte mense om te woon....

SPIESDRAER:

Jou volk?

Is jy 'n toonbeeld van jou volk, voorwaar,
dan weet jou volk nog niks van menslikheid.
Jy, skender van die hoogste wet, vertrek!
wunt beter as jul paaië en jul wonings
is altyd nog die suiwerheid van hart
wat jul nie ken nie.... O, ongeregtiges,
wie van jul deurdring tot ons heiligdom
en wie die spies nie vel, hom sal die Stangod
met skerpte van bliksem slaan, rampsalige lot.

ALFONS:

Jy roep die elemente tot jou hulp,
onkundige en diep bekrompe siel!
Wat in jul skoonste drome nie aanskou is,
is aldag-ding vir ons, geslyte kleed:
wonders van groot-menslike vernou,
dreuning van kragte in lug en op die see,
vuur en staal en blinkende geroi,
lewe en lig! Die blinde nag is dag!
Die swaard waarmee jou vuurgod ons moet
slaan,
het ons gemaak tot werktuig van die vrede.
My volk se rykdom is die son gelyk,
stralend van kus tot kus die eeue deur.

SPIESDRAER:

Rykdom sonder eerbied is 'n skande,
en daarom is jy arm, guns en al,
eerbiedlose!

ALFONS: Dala is my vrou.

SPIESDRAER: Die pad na Dala loop deur my.

ALFONS:

Sy het

die engtes van bekrompenheid ontvlug —
onkunde is 'n kuil met steile wande.
wat jou en jou gelykes streng onvang —
sy het gesmaak die vrug van kunde en kennis
en fyn fatsoen, sy het leer ken die glans
en grootheid van die wêreld.

SPIESDRAER:

Die laagheid wel,
ontrou en veinsing wel, besoedeling
van vreemde onwaardes Nou sal na boete
weer
haar hart die egte roem van oue sedes
en wat van ander is, as vals verwerp.

ALFONS: Kom, Dala! Kies jou eerste en laaste reg!

(Ander SPIESDRAERS binne: Dala, die mense
roep jou!)

DALA (kom tot digby ALFONS — stem diep):

Gaan heen, Alfons, voordat genade hweek.
Ek kies nie meer, want kyk, my betere self
het blank ontbloei, en nimmer sal my voet
afgrondelike steilheid weer betree.

(SPIESDRAERS nader ALFONS dreigend.)

ALFONS (wegwykend):

Wraak op julle! Mag is reg, en mag
sal julle slaan met ongekende roede!

(Af regs.)

(JONKVROU kom in en vorm weer twee rye
met SPIESDRAERS. DALA in die middel,
doen opgetoë mee. Sang of spreekkoor.)

Heil, Stangod, heil!
Vrugbaarheid, Sterkte,
dubbel u naam,

ons is U gans verpand:
krankheid genaak ons nie,
vyandspyl raak ons nie,
trou is ons offerand.

(Statige beweging na ogter — links af.)

(GORDYN)